

# Jesaja – ‘n Reaksie met ‘n bietjie hoop, en ontsaglike vernietiging (1:28-31) – Francois Malan

1:28 Maar vernietiging word aangekondig vir die opstandelinge (teen God) saam met die oortreders (van God se woord, vgl 1:4). Aan dié wat die Here verlaat (v4) sal ‘n einde gemaak word. Die harde woorde van verse 28-31 bevestig dat die hoop van vers 27 net vir ‘n deel van die volk geld, die deel wat berou het en hulle bekeer tot reg en geregtigheid in die samelewing. Vir die mense wat steeds die Here en sy woord verwerp, is daar geen hoop nie (vgl. die ‘opvreet’ deur die swaard en ‘verteer’ in 1:7,20).

Verse 27-28 herhaal in ander woorde wat in 25-26 gesê is om dit duideliker uit te spel. Die woorde is nie net op Jesaja se tyd van toepassing nie, maar geld vir alle eeue.

1:29 Want julle sal julle skaam oor die die groot bome wat julle begeer het (vir hulle verslawing aan die vrugbaarheidsaanbidding van Baäl en Astarte, wat bevrediging en sukses beloof ), en julle sal skaam voel oor die tuine wat julle gekies het – bo die Here (dat hulle deelgeneem het aan die seksuele orgies van die heidense godsdienste). Die voorstelling is van goddelike bome wat op ‘n heilige plek staan in ‘n tuin. Hulle soek hulle krag en welslae by die gode van die land, by die magte van die vrugbare natuur, en sal beskaamd uitkom omdat alles sal misluk. Tydens die ballingskap sal sommige van hulle hopelik tot besinning kom en skaam word omdat hulle die Here verlaat het.

1:30-31 Die einde van die afvalliges van die Here, wat met die heidense godsdiens en gebruike inval, sal soos die heidene s’n

wees. Hulle einde word beskryf met die beeld van 'n groot boom met verwelkte blare en soos 'n tuin sonder water. En die sterke ('n ongewone woord met die implikasie van rykdom en mag deur rykdom) – dit impliseer dat , dié wat skynbaar vooruitstrewend is, selfversekerde volgeling van die heidense filosofie, sal soos 'n waterlose verdroogde tuin wees. Die produk van hulle gedagtes en arbeid word 'n vonk wat 'n brand in die droë tuin aansteek – die gevreesde somervure in Israel wat niemand kan blus nie. Jerusalem se inwoners het willens en wetens daardie soort lewe gekies en sal ook deel wees van daardie einde. Die vuur wat God se vyande verteer sal die stad se reinig en verlossing en herstel moontlik maak.

### **Die verloop van hoofstukke 1-12**

Na die lang inleidende hoofstuk van die Here se oordeel oor Juda en Jerusalem (1:2-31), volg 'n kragtige belofte van heil (2:1-4). Dié opset word herhaal in die uitgebreide toespraak van oordeel in 2:5-4:1 wat uitloop op die belofte oor die terugkeer van die oorblyfsel in 4:2-6. Die middelste gedeelte van hoofstukke 1-12, naamlik 5:1-9:7 raak heelwat sake aan en loop uit op die uitspraak in 8:22 en 9:1 dat die volk wat in benoudheid en volslae donkerte geleef het, 'n groot lig gesien het, wat in 9:2-7 se uitbundige belofte uitgespel word. Ná die oordeelsuitspraak in 9:8-10:4 word die leser in 10:5-34 verseker van die hoop op 'n oorblyfsel vir Israel (10:21) wanneer die Here die takke van die bos Assirië in 'n enkele oomblik (10:17) met geweld sal afkap en die grotes sal val (10:33). Daarop volg dan 'n reeks beloftes in 11:1-16. Daarop volg die loflied van 12:1-6.

Te midde van Israel se verdukking omdat hulle die Here verlaat het, bly die Here in beheer en sal Hy sy belofte van bevryding vir diegene wat op Hom vertrou gestand doen (die kerk het deur die eeue God se oordeel oor die sonde en sy genadige ingrype in Israel se geskiedenis gesien as 'n voorafskaduwing van

Jesus se lyding vir die sonde van die wêreld en van sy opstanding uit en oorwinning oor die dood vir elkeen wat in Hom glo).

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)